

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V2

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie merkriglyne bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A ✓✓ elektrisiteit
1.1.2 B ✓✓ is horisontaal
1.1.3 C ✓✓ vraag
1.1.4 B ✓✓ eksternaliteite
1.1.5 A ✓✓ implisiete
1.1.6 A ✓✓ biodiversiteit
1.1.7 B ✓✓ stagflasie
1.1.8 C ✓✓ armoede (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1 B ✓ uitgawes wat tydens die vervaardiging van 'n artikel deur besighede aangegaan word
1.2.2 C ✓ situasie waar die besigheid nie 'n wins of verlies toon nie
1.2.3 D ✓ besighede wat soortgelyke produkte vervaardig
1.2.4 F ✓ die styging in die persentasie uitset is minder as die styging in die persentasie inset
1.2.5 I ✓ kopers betaal verskillende bedrae vir dieselfde produk
1.2.6 E ✓ soliede afval, byvoorbeeld plastieksakke en rommel, wat nie gestort kan word nie
1.2.7 A ✓ 'n algemene prysstyging wat deur 'n styging in faktorkoste veroorsaak word
1.2.8 G ✓ gee aan besighede die reg om tot 'n sekere mate te besoedel (8 x 1) (8)

1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Ekonomiese wins/Supernormale/Abnormale ✓
1.3.2 Korttermyn ✓
1.3.3 Mark ✓
1.3.4 Patent ✓
1.3.5 Kweekhuis ✓
1.3.6 Geleentheidskoste ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE instellings wat onregverdige mededinging in Suid-Afrika reguleer.**

- Mededingingskommissie ✓
- Mededingingstribunaal ✓
- Mededeingingsappélhof ✓ Enige (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe sal produsente by minimum pryse wat deur die regering geïmplementeer word, baat vind?**

Produsente sal in staat wees om 'n gerieflike wins te maak, wat hulle al aanmoedig om selfs meer te produseer – wat hulle meer sekerheid gee vir toekomstige beplanning ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **Datarespons**

2.2.1 **Identifiseer die markstruktuur in die grafiek hierbo.**

Volmaakte mark/Volmaakte mededinging ✓ (1)

2.2.2 **Gee die waarde van die markprys wat hierbo uitgebeeld word.**

R50 ✓ (1)

2.2.3 **Hoe sal hierdie ewewigsposisie op lang termyn verander?**

- Dit sal na <u>normale wins</u> veranderd as gevolg van firmas wat die industrie verlaat. ✓✓
- Op lang termyn sal <u>firmas die industrie verlaat</u> , wat die inkomste sal verhoog en die <u>verlies verklein</u>. ✓✓ Enige (1 x 2) (2)

2.2.4 **Watter omstandighede moet bestaan om hierdie besigheid te laat sluit?**

- As hy nie die gemiddelde veranderlike koste kan dek nie / prys is minder of gelyk aan GVK / TI < GVK ✓✓
- As die firma se totale inkomste minder as die veranderlike koste is. ✓✓ Enige (1 x 2) (2)

2.2.5 **Bereken die ekonomiese verlies wat hierdie besigheid in die gesig staar.**

Eenheidsverlies: R40 ✓ **OF** TI – TK ✓
Totale verlies: 100 x 40 ✓ = R4000 ✓✓ = 5000 – 9000 ✓
= –4000 ✓✓
(Ken 2 punte toe as en eenheidsverlies alleenlik gegee is)
(Ken 4 punte toe as die korrekte finale antwoord alleenlik gegee is) (4)

2.3 Datarespons

2.3.1 Identifiseer EEN eksterne koste in die projek hierbo.

Besoedeling ✓ (1)

2.3.2 Identifiseer 'n sosiale voordeel in die projek hierbo.

Nuwe werksgeleenthede / gehalte dienslewering / hoë kwaliteit produk ✓ (1)

2.3.3 Wat kan die staat doen om die eksterne koste van die projek hierbo te verminder?

Die staat kan:
- Toerusting installeer wat besoedeling sal verminder ✓✓
- 'n Aanleg ontwikkel op so 'n wyse dat besoedeling tot die minimum beperk word ✓✓
- Die besoedelaar belas ✓✓
- Bemarkbare permitte uitreik vir besighede toe te laat om tot 'n sekere mate te besoedel ✓✓
- Maksimul vlakke van besoedeling vasstel ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 Hoe sal die staat voordeel trek uit die goedkeuring van die projek hierbo?

Die staat sal:
- Meer inkomste verdien uit die verkope van die produk ✓✓
- Meer geld uit belasting ontvang ✓✓
- In staat wees om meer werk te skep ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)Enige (1 x 2) (2)

2.3.5 Waarom behoort die staat 'n koste-voordeel-ontleding te doen voordat daar met 'n nuwe projek begin word?

Die KVA sal die owerheid in staat stel om:
- Ingeligte besluite te maak ✓✓
- Meer objektief in sy besluitneming te wees ✓✓
- Meer doeltreffend in die toekenning van hulpbronne te wees✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *produktiewe ondoeltreffendheid* en *toedelings-ondoeltreffendheid*.**

Produktiewe ondoeltreffendheid

- Die produsent produseer nie teen die laagste moontlike koste nie ✓✓
- Die produsent kan steeds sy koste verlaag sonder om minder goedere te produseer ✓✓
- Nie alle hulpbronne word effektief aangewend nie ✓✓
- Gebeur by enige punt binne die PMK / onderbenutting van hulpbronne ✓✓ (Maks 4)



(Maks 2)

Toedelingsondoeltreffendheid

- Die produsent produseer nie optimaal nie (punt B) ✓✓
- Die produkmengsel is nie 'n weerspieëling van verbruikersmaak (-vraag) nie ✓✓
- Nie alle hulpbronne word effektief toegedeel nie ✓✓
- Die welsyn van die gemeenskap word nie gemaksimeer nie ✓✓
- Die owerheid meng in, in 'n poging om markmislukking aan te spreek ✓✓ (Maks 4)

(Aanvaar in tabelvorm) (2 x 4)
(Aanvaar 'n beskrywing wat aan die grafiek verbind word)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)

2.5 **Hoe kan gedifferensieerde produkte verbruikers en produsente in 'n monopolistiese mededingende mark beïnvloed?**

Verbruiker

- Die verbruiker mag een produk as beter beskou as 'n ander, of dit werklik of denkbeeldig is – daarom word dit gebaseer op die opinie van verbruikers ✓✓
- Verbruikers neig om handelsmerke te koop en het hulle voorkeure in hierdie verband ✓✓
- Bv. Levi jeans sal baie meer gewild wees as jeans wat geen handelsmerk dra nie ✓
- Advertensies beklemtoon die verskille wat verbruikers aantrek ✓✓
- Toename in besteding as gevolg van verbruikers wat verskillende handelsname van dieselfde goed wil hê ✓✓ bv. Nike, Puma ✓
- 'n Wyer keuse van goedere / blootgestel aan verskillende produkte ✓✓
- Verskille in verpakking maak aankope maklik ✓✓ (Maks 4)

Produsent

- Deur 'n effens gedifferensieerde produk te verkoop, onderskei elke produsent homself van ander produsente ✓✓
- Die unieke eienskappe van gedifferensieerde produkte laat produsente toe om met ander mee te ding ✓✓
- Hulle kan dus 'n hoër prys vir hul produk regverdig gebaseer op hierdie uniekheid (effense differensiasie) ✓✓
- Dit mag handelsmerk lojaliteit by kliënte geniet wat 'n voorkeur vir 'n sekere produk toon ✓✓
- Winste word gebruik vir navorsing en ontwikkeling om die produk verskillend te laat vertoon – stimuleer kreatiwiteit ✓✓
- Gedifferensieerde produkte skep geleenthede vir nie-prys mededinging ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Slegs 1 punt word vir voorbeelde per deelnemer toegeken) (Maks 4) (8)
[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE millenniumontwikkelingsdoelwitte wat deel uitmaak van die internasionale ooreenkomste wat 'n volhoubare omgewing verseker.**

- Die uitwissing van armoede en hongersnood. ✓
- Die bereiking van universele primêre onderrig ✓
- Geslagsgelykheid ✓
- Vermindering van kindersterftesyfers ✓
- Beveg MIV/Vigs ✓
- Verbeter gesondheid ✓
- Verseker omgewingsvolhoubaarheid ✓
- Wêreldwye vennootskappe vir ontwikkeling ✓ Enige (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan belasting gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker?**

- Vermindering van besoedeling deur groen belasting en omgewingsbelasting ✓✓
- Deur belasting te hef op produkte geassosieer met hoë besoedelingsvlakke ✓✓
- Gebruik belastinginkomste om omgewingsvriendelike produkte te bevorder bv. Solar geysers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.2 **Datarespons**

3.2.1 **Identifiseer die persentasie loonverhoging in die uittreksel hierbo wat deur werkers in die vervoerbedryf geëis is.**

25% ✓ (1)

3.2.2 **Watter vakbond verteenwoordig die werkers in die mynbousektor hierbo?**

Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) ✓ (1)

3.2.3 **Waarom is die vervoerwerkers se looneis onrealisties?**

Dit is ver bo die inflasieteiken van 6% ✓✓ (2)

3.2.4 **Verduidelik kortliks EEN rede vir die buitensporige looneis hierbo.**

Die hoë lewenskoste lei tot 'n situasie waar lone onvoldoende is om in die basiese behoeftes te voorsien ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Wat sal die uitwerking op die mynbedryf wees indien die looneise van intreevlakwerkers van R10 500 per maand toegestaan word?**

- Die mynbousektor wat alreeds onder hoë druk verkeer mag sukkel om te oorleef / raak minder kompeterend ✓✓
- Hierdie loonstygings sal baie myne dwing om te sluit ✓✓
- Sommige myne mag dalk geen ander opsie hê as om werkers af te lê nie ✓✓
- Deur aan die looneise te voldoen, mag dit 'n rimpeleffek in die res van die mynbousektor en ander verwante nywerhede veroorsaak ✓✓
- Minder stakings sal minder onderbrekings in vervaardiging meebring ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **Datarespons**

3.3.1 **Wat, volgens die inligting hierbo, moet verminder word om aardverwarming te vermy?**

Die verbranding van fossielbrandstowwe/fossielbrandstof-uitlaatgasse / menslike aktiwiteite ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer EEN negatiewe uitwerking van aardverwarming.**

- Meer hitte keer terug aarde toe ✓
- Nag verwarm vinniger as dag ✓
- Winter verwarm vinniger as somer ✓
- Minder hitte ontsnap in die atmosfeer ✓
- Klimaatverandering ✓
- Minder suurstof iin die lug ✓
- Afkoeling van die ruimte bo die atmosfeer ✓
- 'n Patroon van oseaan verwarming ✓
- Meer fossielbrandstof koolstof in die lug ✓
- Meer fossielbrandstof koolstof in koraal ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *klimaatsverandering*.**

Dis die verandering in weerpatrone te wyte aan aardverwarming ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Waarom bied besighede weerstand teen die omskakeling na meer omgewingsvriendelike produksiemetodes?**

Hulle weerstaan die verandering na meer omgewingsvriendelike metodes te wyte aan hoër koste en moontlike verlies aan inkomste / omgewingsmetodes is tydrowend en benodig aansienlike opleiding van werkers ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Wat kan gedoen word om die vrystellings wat deur die verbranding van fossielbrandstowwe veroorsaak word, te verminder?**

- Toerusting kan geïnstalleer word in aanlegte wat uitlaatgasse sal verminder ✓✓ bv. Katalisator omskakelaar / lugfilter ✓
- Besighede en huishoudings kan na meer omgewingsvriendelike bronne (tegnologie) omskakel soos ✓✓ Solar energie/Wind-energie/Hidro-energie/Gas-energie ✓
- Hef belastings of boetes ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 1 punt toe vir die noem van voorbeelde)
(Maks 4) (4)

3.4 **Onderskei tussen *bewaring* en *beskerming.***

Beskerming

- Dis die bestuur van die omgewing op 'n wyse wat voorkom dat dit beskadig raak ✓✓
- Bv. Wildtuine wat gebruik word om sekere bedreigde spesies aan te hou ✓✓
- Dit is 'n kreatiewe voortbestaan van die omgewing om lewenskwaliteit vir huidige en toekomstige geslagte te verseker ✓✓
- Beskerming is nodig te wyte aan besoedeling en oormatige gebruik van die omgewing ✓✓
- Verseker ekonomiese gebruik van hernubare en nie-hernubare hulpbronne ✓✓ (Maks 4)

Bewaring

- Dis 'n proses om die omgewing in sy huidige staat te behou ✓✓
- Dit word dikwels toegepas waar elemente van die omgewing deur uitwissing bedreig word ✓✓
- Bv. Die renosterspesie ✓

(Aanvaar tabelformaat) (Maks 4)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4) (8)

3.5 **Watter raad sal jy aan die Minister van Finansies gee om die uitwerking van negatiewe eksternaliteite wat deur toerisme veroorsaak word, te oorkom?**

- Die Minister van Finansies kan deur middel van die hoofbegroting begroot vir verbeterde infrastruktuur in gebiede met groot toeriste-attraksies ✓✓
- en plaaslik werklose mense aanstel in die aanspreek van besoedeling om herverdeling van inkomste te verseker en 'n ongelykheid in inkomste te voorkom ✓✓
- Die minister kan 'n diskriminerende prysbeleid gebruik wat die plaaslike mense sal bevoordeel omdat toeriste gewillig is om hoër pryse te betaal te danke aan 'n gunstige wisselkoers om so die staat se inkomste aan te vul ✓✓
- Die minister kan groter bedrae bewillig vir die onderwys sodat programme daargestel kan word waar almal betrokke in die opvoeding bewus raak en betrokke raak by oplossing van probleme veroorsaak deur negatiewe eksternaliteite ✓✓
- Die minister kan groter bedrae bewillig aan die toerisme om negatiewe eksternaliteite doeltreffend aan te spreek ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
(Aanvaar response wat betrekking het op die Minister van Toerisme) (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE tipes toerisme.**

- Ontspanning en rekreasie ✓
- Besigheid en professioneel ✓
- Ekotoerisme ✓
- Kultureel ✓
- Medies ✓
- Gemeenskap ✓
- Paleo ✓
- Avontuur ✓
- Menslike ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is 'n volmaakte mededinger nie in staat om die markprys te beïnvloed nie?**

Die produsent is te klein in verhouding tot die grootte van die mark, en is dus 'n prysnemer ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 **Datarespons**

4.2.1 **Watter kromme verteenwoordig die gemiddelde-inkomste (GI)-kromme?**

V/Vraagkromme ✓ (1)

4.2.2 **Hoeveel firmas domineer hierdie tipe mark?**

Een / 1 ✓ (1)

4.2.3 **Waarom lê die marginale-inkomste (MI)-kromme onder die vraagkromme?**

As gevolg van die vraagkromme se negatiewe helling, sal elke addisionele eenheid teen 'n laer prys verkoop word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Waarom sal die monopolis nie uitermate hoë pryse vir sy/haar produk kan vra nie.**

- Alhoewel die monopolis die enigste verskaffer in die mark is, word hulle steeds deur markkragte beïnvloed ✓
- Te wyte aan die beperkte begroting waarvolgens die verbruiker funksioneer, sal die vraag na die produk te klein wees as die pryse te hoog styg ✓
- Prysstygings word soms deur die regering gereguleer om die verbruiker te beskerm ✓✓
- Alhoewel die monopolis sy eie prys vasstel kan hy dit nie doen sonder om die hoeveelheid wat verkoop word, te beïnvloed nie ✓✓
- Om meer produkte te verkoop, moet hy die prys verminder ✓✓ (2)

4.2.5 **Teken die grafiek hierbo in die ANTWOORDEBOEK oor. Dui ekonomiese wins op jou grafiek aan deur die gemiddelde-koste (GK)-kromme en marginalekoste (MK)-kromme op dieselfde assestelsel in te voeg.**



Korrekte trek en benoem van MK-kromme = 1 punt
Korrekte trek en benoem van GK-kromme = 1 punt
Korrekte arsering / benoem van ekonomiese wins = 2 punte
Maks 4 punte

(4)

4.3 **Datarespons**

4.3.1 **Gee EEN rede in die uittreksel hierbo waarom Suid-Afrika as 'n baie gewilde toeristebestemming beskou word.**

- Asemrowende landskap ✓
- Vriendelike mense ✓
- Wêreldklas-infrastruktuur ✓

(1)

4.3.2 **Identifiseer in die uittreksel hierbo waarom die toeristebedryf as 'n sleutelsektor aangewys is.**

Te danke aan sy groeipotensiaal / ekonomiese herstel ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf die term *toerisme* kortliks.**

Aktiwiteite van mense wat reis en in plekke buite hul gewone omgewing oorbly vir nie langer as een jaar nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Gee EEN rede waarom die toeristebedryf teen so 'n vinnige koers groei.**

- 'n Styging in verbruikbare inkome ✓✓
- Verminder werksure ✓✓
- 'n Groter bewustheid van ontspanning en rekreasie ✓✓
- Verbeterde vervoer/akkommodasie/kommunikasie ✓✓
- Meer advertensies en reklame ✓✓
- Landskappe / vriendelike mense / maklike verkryging van buitelandse valuta / beter politieke klimaat ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die toeristebedryf, na jou mening, die arm, landelike gemeenskappe van Suid-Afrika bevoordeel?**

- 'n Styging in werksgeleenthede/gastehuise/hotelle/ restaurante ✓✓
- Uitbreiding van die mark vir inheemse kunste/kultuur/ produkte ✓✓
- Verbeterde infrastruktuur in landelike gebiede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik die doelwitte van die Suid-Afrikaanse mededingingsbeleid.**

- Voorkom die misbruik van ekonomiese mag ✓✓ bv. vorming van monopolieë ✓
- Reguleer die groei van markmag deur middel van oornames en samesmeltings ✓✓
- Voorkom beperkende praktyke, veral by oligopolieë ✓✓ soos die vasstelling van verkooppryse, samespanning en prysdiskriminasie ✓
- Verbeter die doeltreffendheid in die mark deur wetgewing ✓✓
- Bevorder gesonde mededinging tussen besighede ✓✓
- Beskerm die verbruiker teen onregverdige pryse en minderwaardige produkte ✓✓ byvoorbeeld deur die Wet op Mededinging ✓
- Dra by tot Suid-Afrika se ontwikkelingsdoelwitte om te verseker dat alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede het om billik aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem ✓✓ Hulle kan ook regverdigheid in die mark verbeter ✓✓ byvoorbeeld deur die Wet op Gelyke Indiensneming ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Maks 2 vir die blote lys van voorbeelde) (Maks 8) (8)

4.5 **Hoe misluk verbruikers as die vernaamste markrolspelers in die beskerming van die omgewing?**

- As gevolg van 'n gebrek aan kennis het verbruikersaksies dikwels 'n negatiewe impak op die omgewing / verbruikers is nie bewus van herwinning nie ✓✓
- Deur die gebruik van sekere produkte soos aërosol veroorsaak hulle omgewingskade sonder om dit te besef ✓✓
- Te wyte aan die feit dat oseane nie privaat besit word nie, het hulle 'n element van nie-uitsluitbaarheid. Hierdie hulpbronne word dus dikwels oorverbruik ✓✓ bv. oseane en riviere ✓
- Verbruikers gee dikwels min om hoe hul optrede die omgewing beskadig as gevolg van eiebelang ✓✓
- Party verbruikers besoedel die omgewing deur rommelstrooiing, die storting van rommel, ens. omdat die koste (negatiewe eksternaliteite) deur ander gedra word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken slegs 2 punte toe vir voorbeelde) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

Die oligopolie is 'n noodsaaklike markstruktuur in 'n vryemarkstelsel.

- **Bespreek 'n oligopolie as 'n markstruktuur in besonderhede. (26 punte)**
- **Verduidelik, met behulp van 'n goed benoemde grafiek, waarom die oligopolis nie oor prys sal meeding om sy/haar markaandeel te vergroot nie. (10 punte)**

INLEIDING

Die oligopolie is 'n tipe onvolmaakte mark waar slegs 'n paar produsente die mark oorheers ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

HOOFDEEL

Aard van die produk ✓
- Die produk kan homogeen (dieselfde) of gedifferensieerd (heterogeen) wees – klein verskille ✓✓
- Indien dit homogeen is, staan dit bekend as 'n suiwer oligopolie ✓✓
- Indien dit gedifferensieerd is, staan dit bekend as 'n gedifferensieerde oligopolie ✓✓

Markinligting ✓
- Markinligting is onvolledig ✓✓

Marktoetrede ✓
- Toetrede is maklik tot moeilik, beperk in die sin dat groot kapitale-uitleg nodig mag wees ✓✓

Beheer oor die prys ✓
- Aansienlike beheer oor die prys – dit kan die prys beïnvloed – maar nie soveel as die monopolis nie ✓✓
- Oligopolieë kan dikwels hul pryse verander om hul markaandeel te vergroot en dit kan tot prysoorloë lei ✓✓

Wedersydse afhanklikheid ✓
- Wedersydse afhanklikheid (interafhanklikheid) bestaan tussen hierdie besighede ✓✓
- Elke besigheid ken sy markaandeel, die optrede van een firma kan 'n ander aansienlik beïnvloed ✓✓
- 'n Verandering in die prys of verandering in die markaandeel van een besigheid word weerspieël in die verkope van die ander ✓✓

Nie-prys mededinging ✓
- Omdat prysmededinging tot vernietigende prysoorloë lei, verkies oligopolieë om op ander gronde mee te ding ✓✓
- Dit moedig nie-prysmededinging aan deur advertensies, verpakking, na-verkope diens ✓
- Deelnemers hou mekaar noukeurig dop – as een oligopolis 'n advertensie veldtog loods, sal die mededingers kort daarna dieselfde doen ✓✓
- As oligopolieë funksioneer as 'n kartel, het besighede 'n absolute kostevoordeel oor die res van die ander mededingers in die nywerheid ✓✓

Samespanning ✓
Openlike samespanning: ✓
- Besighede kan saamwerk om 'n kartel te vorm, 'n kartel is 'n formele ooreenkoms tussen besighede om saam te werk om die totale industrie te beperk, met die doel om pryse te verhoog of vas te stel op sekere vlakke ✓✓
- Die vernaamste rede is om individuele lede se winste te verhoog deur verlaagde mededinging ✓✓
- Dit is onwettig en word dikwels ondersoek deur die Mededingingskommissie in Suid-Afrika ✓✓
- Skuldige besighede word dikwels erg gepenaliseer in die vorm van boetes ✓✓

Stilswyende samespanning: ✓
- Die oligopoliemark kan gekenmerk word deur 'n spesifieke prysleier, waar ander die prysbeleid van hierdie besigheid volg ✓✓
- Dis nie 'n formele ooreenkoms nie en dus onwettig in Suid-Afrika ✓✓
- Voorbeelde van oligopolieë in Suid-Afrika is selfoonoperateurs: CellC, MTN, Vodacom, Telkom Mobile, petrol garages soos Engen, Total, Caltex, Shell, BP; Banke soos FNB, ABSA, Standard Bank, Nedbank, Capitec ✓

Beperkte mededinging ✓
- Daar is slegs 'n paar verskaffers wat dieselfde produk vervaardig ✓✓

Ekonomiese wins ✓
- Oligopolieë kan 'n ekonomiese wins oor die langtermyn maak ✓✓
- Abnormale winste mag lei tot gesamentlike besluitneming in 'n oligopolie ✓✓

Vraagkromme ✓
- Die vraagkromme daal van links bo na regs onder (dalende helling) ✓✓
- Staan ook bekend as die geknakte vraagkromme ✓✓
- Bestaan uit twee krommes (elastiese en onelastiese dele) ✓✓

Produktiewe / Tegnologiese doeltreffendheid ✓
- Produktiewe doeltreffendheid is moontlik ✓

Toedelingsdoeltreffendheid ✓
- Toedelingsdoeltreffendheid is nie moontlik nie ✓ (Maks 26)

ADDISIONELE DEEL



Benoem van asse	= 1 punt
Ewewig (punt E)	= 1 punt
Vorm van VV-kromme (geknak)	= 1 punt
Benoeming van VV kromme	= 1 punt
OP	= 1 punt
OQ	= 1 punt
	Maks. 6 punte

- As 'n oligopolie die **prys verhoog bo punt E,** sal dit vinnig kliënte verloor omdat ander oligopoliste nie hul pryse sal verhoog nie ✓✓
- Alhoewel hy bevoordeel sal word deur die styging in inkomste per eenheid, sal sy totale inkomste laer wees te wyte aan die groter verlies aan kliënte ✓✓
- As 'n oligopolis sy **prys onder punt E verlaag**, sal ander oligopoliste hul pryse verlaag om mee te ding en gevolglik sal die laer prys baie nuwe kliënte trek ✓✓
- Omdat die verhoging of verlaging van die prys nie voordelig is vir die oligopolis nie, raak hulle meestal betrokke by nie-prys mededinging soos produkdifferensiasie en effektiewe dienslewering beklemtoon deur advertensies ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 6)

(Maks 10)

SLOT

Oligopolieë is interafhanklik, hul aksies word deur ander firmas in die mark beïnvloed ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 2) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

Inflasie vind sy oorsprong in die vraag- of aanbodkant van die ekonomie.

- **Ondersoek die oorsake van vraag-trek-inflasie in besonderhede. (26 punte)**
- **Hoe suksesvol was monetêre beleidsmaatreëls in die bekamping van vraag-trek-inflasie in Suid-Afrika? (10 punte)** **[40]**

INLEIDING

Inflasie is 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlak oor 'n sekere tyd en 'n gelyktydige daling in die koopkrag van geld ✓✓

OF

Vraag-trek-inflasie kom voor as totale vraag in 'n ekonomie die totale aanbod oorskry ✓✓ (Maks. 2)

HOOFDEEL

- Vraagtrek inflasie kom voor as die totale besteding in die ekonomie styg en die ekonomie nie in staat is om produksie te verhoog om aan te pas by 'n styging in besteding nie ✓✓
- **'n Styging in huishoudelike verbruik (C)** ✓ verbruikbare inkomste van huishoudings kan teen 'n vinniger koers as totale aanbod toeneem, en wel om die volgende redes ✓✓
  - dit word veroorsaak deur makliker toegang tot krediet ✓ of laer rentekoerse, wat krediet goedkoper maak ✓✓ krediet is goedkoper - huishoudings leen meer ✓✓
  - gebrek aan spare ✓ verbruikers mag hul volle inkomste spandeer en in gebreke bly om te spaar ✓✓ dit lei tot 'n gebrek aan likiditeit vir banke om noodsaaklike kapitale-investering te finansier ✓✓
  - Vermindering in belasting ✓ As die owerheid besluit om persoonlike inkomste-belasting te verlaag, sal verbruikers die ekstra inkomste gebruik om meer goedere en dienste te koop ✓✓

- **Investeringsbesteding (I)** ✓
  - 'n verlaging van rentekoerse sal besighede aanmoedig om hul besigheidsbedrywighede uit te brei ✓✓
  - Besighede belê meer en dit mag lei tot 'n styging in die vraag na goedere en dienste wat deel van die belegging vornm ✓✓ bv. Nuwe geboue, sement, stene en arbeid ✓
  - As totale vraag styg teen 'n vinniger tempo as totale aanbod, sal prysstygings volg ✓✓

- **Staatsbesteding (G)** ✓
  - 'n Styging in staatsbesteding sonder 'n toename in produktiwiteit sal lei tot inflasie ✓✓
  - As groter staatsbesteding gefinansier word deur lenings van finansiële instellings, kom groot bedrae geld in sirkulasie – wat die eise rakende die ekonomie se werklike kapasiteit vererger ✓✓
  - Die staat gebruik drie kanale vir groter besteding:
    - **Infrastruktuur** ✓ staat kan betrokke raak by kapitale projekte, soos paaie, behuising en water ✓✓ die grootte van hierdie projekte oorskrei die ekonomiese kapasiteit wat pryse verhoog ✓✓

- **Verbruiksbesteding** ✓ meeste regerings sal besteding op onderwys en gesondheid verhoog ✓✓
- **Maatskaplike besteding** ✓ regerings voel somtyds dat hulle iets daadwerklik moet doen rakende werkloosheid en armoede ✓✓ bv. Openbare werkeprogramme ✓ sulke bestedings sal lei tot inflasie omdat dit die totale vraag vergroot sonder 'n toename in die totale aanbod ✓✓

- **Uitvoerverdienste (X)** ✓
  - 'n Styging in verdienste uit uitvoere ontstaan uit verskillende bronne:
    - **Buitelandse groei** ✓ groei van ekonomieë van handelsvennoot lande kan 'n vraag na 'n verskeidenheid plaaslik-geproduseerde goedere skep ✓✓ die verkope van uitvoere bring geld die land binne ✓✓ vraag styg sonder ooreenstemmende styging in aanbod – wat lei tot 'n styging in pryse ✓✓
    - **Vraag na kommoditeite** ✓ die wêreld se vraag na kommoditeite brei uit en krimp in soos sakesiklusse ✓✓ gedurende 'n periode van uitbreiding sal die buiteland se vraag styg en dit sal lei tot groter volumes uitvoere ✓✓ die inkome verdien uit hierdie uitvoere dra by tot die totale vraag en pryse styg ✓✓ (Maks 26)

ADDISIONELE DEEL

- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) en die owerheid pas sekere monetêre maatreëls toe om inflasie suksesvol te beveg ✓✓
- Die SARB pas die hoeveelheid geld suksesvol aan by die behoeftes van die ekonomie (bv. deur opemarktransaksiebeleid) en behou 'n fyn balans tussen die aanbod van goedere en dienste en die geldvoorraad ✓✓
- Die SARB poog om inflasie te beperk deur te voldoen aan die inflasieteiken van 3 – 6%, maar was nie deurentyd suksesvol daarmee nie (huidiglik by die boonste perk) ✓✓
- Die bankkoers van die sentrale bank (SARB) beïnvloed die rentekoerse in die ekonomie ('n stygende repokoers) om besparings aan te moedig en die toestaan van krediet aan te moedig ('n dalende repokoeres) ✓✓
- Die SARB kan morele oorreding toepas op finansiële instellings om versigtiger te wees met die toestaan van krediet ✓✓ bv. 'n gebrek aan morele oorreding van SARB het 'n rol gespeel in die likwidasie van Bank of Africa ✓ aan die anderkant het SARB se afdeling van banktoesighouding aansienlike boetes gelê op sommige groot banke in Suid-Afrika ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)

SLOT

Geld kan beskou word as die belangrikste dryfkrag tot inflasie; hoë volumes geld sal lei tot 'n styging in inkome, hoër bestedingsgeneigdheid en hoër inflasie – daarom moet die owerhede effektiewe beheer oor die land se geldvoorraad uitoefen ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 2) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou